KONSEP

DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE EN TOERISME

TAK MARIENE- EN KUSBESTUUR

BELEID AANGAANDE DIE TOEKENNING EN BESTUUR VAN KOMMERSIëLE VISVANGREGTE IN DIE WESKUS-KREEFVISSERY (DIEPWATER) : 2005

HIERDIE KONSEPBELEID MOET SAAMGELEES WORD MET DIE KONSEP VAN DIE ALGEMENE BELEID AANGAANDE TOEKENNING EN BESTUUR VAN LANGTERMYN VISVANGREGTE: 2005 (beskikbaar by www.mcm-deat.gov.za

INHOUDSOPGAWE

1. Inleiding 3

2. Biologie en brondinamika 4

3. Sektorale profiel 4

4. Medium-termyn regtetoekenning 7

5. Oorkoepelende sektorale doelwitte 7

6. Tydsduur 8

7. Nuwe inkomelinge 8

8. Evaluasiekriteria 9

8.1 Uitsluitingskriteria 9

(a) Vorm van die aansoeker 9
(b) Wetsnakoming 9
(c) Papierkwota's 9
(d) Toegang tot 'n geskikte vaartuig 10
(e) Nie-gebruik 10
(f) Aansoeke om regte in die WKK (kuslyn) vissery 10

8.2 Balanseringskriteria 10

(a) Transformasie 10
(b) Belegging in die vissery 11
(c) Vangsteprestasie 11
(d) Plaaslike ekonomiese ontwikkeling 12
(e) Werksgeleenthede 12
(f) Afhanklikheid van weskus-kreef 12
(g) Nie-betaling van heffings 13
(h) Wetsnakoming 13

8.3 Kwantumkriteria 13

9. Geskikte vaartuie 14

10. Multi-sektorale betrokkenheid 14

11. Aansoekgelde en heffings 14

12. Bestuursmaatreëls 15

12.1 Ekosisteembenadering tot bestuur van visvangvissery 15

12.2 Konsolidasie van deelnemers 15

12.3 Vaartuie en visvangwerking 16

12.4 Monopolieë 16

13. Meet van prestasie 16

14. Waarnemerprogram 17

15. Permitvoorwaardes 17

1. Inleiding

Hierdie beleidskrif is 'n dokument vir openbare kommentaar wat handel oor die toekenning en bestuur van visvangregte in die weskus-kreef (diepwater) vissery en word uitgereik deur die Departement van Omgewingsake en Toerisme: Tak Mariene en Kusbestuur ("die Departement"). Hierdie vissery, waarna voorheen verwys is as die "volle kommersiële" weskus-kreefvissery sal nou bekend staan as WKK (diepwater) vissery. 'n Aparte beleid is vir die weskus-kreef (kusslyn) gepubliseer. Na laasgenoemde is voormalig verwys as die "beperkte kommersiële" weskus-kreefvissery.

Hierdie beleid moet saam met die Konsep van die Algemene Beleid aangaande die toekenning en bestuur van langtermyn visvangregte: 2005 ("die Algemene Visvangbeleid") gelees word. Belanghebbende en geaffekteerde partye mag skriftelike kommentaar teen 4 April 2005 by die Departement indien. Kommentaar wat na hierdie datum ontvang word sal nie in aanmerking kom nie. Kommentaar moet as volg ingedien word:

Per Faks: Faks Nommer: (021) 670-1782 Aandag: Die Adjunk Direkteur-Generaal Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar	**Per Pos:** Aandag: Mr Horst Kleinschmidt Die Adjunk Direkteur-Generaal Die Departement van Omgewingsake en Toerisme Posbus 44963 Claremont 7735 Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar	**Per E-pos:** RVU@deloitte.co.za Aandag: Die Adjunk Direkteur-Generaal Die Departement van Omgewingsake en Toerisme Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar **Per Hand** Aandag: Die Adjunk Direkteur-Generaal Die Regte Verifieeringseenheid Landsdown Road 11 Claremont Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar

Die doel van hierdie beleid is om die oorwegings van toepassing op die toekenning van langtermyn kommersiële visvangregte vir die WKK vissery (diepwater) uiteen te sit. Min van hierdie oorwegings is nuut. Hulle is in die verlede deur die Departement gebruik by die toekenning van regte. Hierdie beleid vervat hierdie oorwegings, maar sluit 'n paar veranderings en toevoegings in.

Sekere voorgenome bestuursbeleidsrigtings in verband met die toekenning van regte verskyn ook in hierdie konsepbeleid. 'n Bestuurshandboek vir die vissery Weskus-kreef (diepwater) sal met al die regtehouers in die loop van 2006 gefinaliseer word. Hierdie handboek sal in die

fynste besonderhede die toepaslike bestuursmetodologie en -prosedures vir die vissery uitstippel.

Die Minister van Omgewingsake en Toerisme is voornemens om die artikel 18-magte, om kommersiële visvangregte van die WKK vissery (diepwater) toe te ken, ingevolge artikel 79 van die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne 18 van 1998 ("*die WLMH*") aan 'n senior beampte van die Departement te delegeer.

.

2. Biologie en brondinamika

Weskus-kreef (*Jasus lalandii)* is diere wat stadig groei en lank lewe. Vroulike grootte by volwassenheid wissel van 57 millimeter vir die rugdop se lengte (RL) tot 66 millimeter. Manlike kreef word groter en groei vinniger as die vroulikes. Vanweë die beperking op grootte van 75 mm RL wat op kommersiële vissers opgelê word maak manlike kreef 90 tot 99 persent van die vangs uit.

Weskus-kreef kom binne die 200m diepte kontoer voor, vanaf net noord van Walvisbaai in Namibië tot by Oos-London. Kommersiële ontginning vind plaas vanaf ongeveer 25°S in Namibië tot by Gansbaai aan die Kaapse suidkus. Ontspanningsvisvang strek egter verder ooswaarts tot by Mosselbaai.

3. Sekorale Profiel

Die huidige biomassa wat geoes kan word word geskat op ongeveer agt persent van die vlakke voor ontginning en biomassa wat broei word geskat op ongeveer 21 persent. Hierdie afname is grootliks as gevolg van twee invloede: groot nie-volhoubare vangste wat veral gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu voorgekom het en 'n aansienlike vermindering in die somatiese groeikoers gedurende die 1990's.

Kommersiële visvang het in die 1880's 'n aanvang geneem. Kommersiële visvang het vroeg in die 20ste eeu vinnig uitgebrei. Hoewel rekords oor vangste voor 1940 skaars is, lyk dit asof vangste in die tydperk 1950 tot 1965 hulle toppunt bereik het toe tussen 13 000 en16 000 ton jaarliks geland is.

Voor 1946 was die vissery ongereguleerd. In daardie jaar is ‘n produksiekwota op stert-massa ingestel om uitvoere te beheer. Dit was die basis van die “uitsetbeheerde” bestuursfilosofie wat nog steeds in die bestuur van weskus-kreefbronne gehandhaaf word.

Vanaf 1946 is jaarliks kwota’s uitgedeel, hoofsaaklik gebaseer op die prestasie van die vissery in die voorafgaande seisoen. Tot die middel 1960s is vangste direk deur hierdie kwota’s beheer. In die 1967/68-visvangseisoen het die vangste afgeneem en kwota’s kon nie gevul word nie. Vermindering in die Toetale Toelaatbare Vangs (TTV) tot tussen 4 000 en 6 000 ton het ‘n mate van balans in die tydperk 1970/71 tot 1989/90 herstel.

Die produksiekwota op stertmassa is vervang deur ‘n kwota van ‘n hele kreef (gelande massa), en bestuur deur middel van ‘n TTV is in die vroeë 1980s ingebring. Terselfdertyd is gebieds- of sonetoekennings ingebring. Ander bestuursmaatreëls wat van vroeg af afgedwing is, is die perke op grootte en geslote seisoene. Die vang van dragtige of sagtedop-kreef is verbied. Die vangste het in die 1990/91-seisoen weer afgeneem en in die daaropvolgende jare is die TTV geleidelik verminder tot 1 500 ton in die 1995/95-seisoen. Sedertdien was daar ‘n stadige herstel en is die kommersiële TTV op 3 527 ton vir die 2004/2005-seisoen gestel.

Voordat kreefvanghokke in die 1960’s ingebring is het die kommersiële vangvissery feitlik uitsluitlik staatgemaak op fuike wat met die hand ingetrek is. Hierdie fuike is lig en kan maklik van klein bote in vlak water ontplooi word. Fuike word selde op dieptes van meer as 30 meter gebruik. Dinghies met fuike kan onafhanklik van die kus af werk deur middel van ‘n buiteboordmotor of roeispane, of dit kan na die viswaters vervoer word deur ‘n gemotoriseerde moedervaartuig (dekboot).

Die Weskus-kreefvissery bestaan uit twee afsonderlike sektore: ‘n kommersiële en ‘n ontspanningsvissery. Ontspanningsgebruikers mag slegs met *fuike* van ‘n boot af teen die kus vang, asem-ophou duik beoefen, of langs die kus pale gebruik om kreef in te samel (“*poling*”). Ontspanningsvissers mag nie hulle vangste verkoop nie.

Die vissery WKK (diepwater) word toegelaat om kreef in vanghokke te vang. In die medium-termyn regtetoekenningsproses is regtehouers in hierdie vissery toekennings van meer as twee ton elk gegee.

Regtehouers in die vissery WKK (diepwater) gebruik groter meer gesofistikeerde vaartuie as regtehours in die vissery WKK (kuslyn) wat tot die gebruik van fuike in vlak water beperk word. Die vissery WKK (diepwater) neem ook meer bemanning in diens.

Die vissery WKK (kuslyn) het die bestaansvissery in 2001 vervang, in lyn met die aanbevelings van ‘n onafhanklike hersiening van bestaansvisserye in Suid-Afrika. Die hersiening het aanbeveel dat bestaansvisserye van hoë waarde soos weskus-kreef, tradisionele lynvis en perlemoen gekommersialiseer moet word. Kommersialisering van hierdie bedrywe het vissers instaat gestel om hulle produkte te verkoop en te bemark.

Die Departement ken 20 persent van die TTV van kommersiële weskus-kreef aan die kuslynvissery toe en 80 persent aan die diepwater vissery. Die rede hiervoor is dat ongeveer 20 persent van die bron na aan die kus gevind word, terwyl 80 persent in dieper water te vinde is.

Die diepwater vissery sorg vir ongeveer 5 500 werknemers waarvan 95 persent swart is. Hiervan is meer as 2 500 seevarende personeel en die res word in prosesserings- en bemarkingswerk aan land in diens geneem. Weskus-kreef word tussen November en Julie gevang en die gemiddelde jaarlikse inkomste gedurende hierdie tyd is R26 500. Jaarliks beloop die waarde van weskus-kreefvangste ongeveer R200 miljoen. Die waarde van vaartuie in hierdie vissery is ongeveer R130 miljoen.

Die weskus-kreefvissery word besonder goed bestuur en sedert 1997 is die totale toelaatbare vangste geleidelik verhoog. In 2003 het die Minister van Omgewingsake en Toerisme ‘n totale toelaatbare vangs vir die kommersiële vissery in die gebied oos van Kaap Hangklip verklaar. Die Departement bestuur hierdie vissery volgens voorsorgbestuursbeginsels.

4. Die proses van medium-termyn regtetoekenning

In 2001 het die Departement 234 volle kommersiële regte in die vissery toegeken. ‘n Bykomende 511 beperkte kommersiële regte is aan voormalige bestaansgrondslagvissers toegeken. Van die regte wat in die volle kommersiële vissery toegeken is 66 persent aan swart persone en entiteite in swart besit toegeken. Verteenwoordiging van swart persone op senior bestuursvlak in die volle kommersiële vissery is egter slegs 34 persent.

Uit die regte in die beperkte kommersiële vissery is 91.5 persent aan swart persone toegeken, hoofsaaklik mikro-ondernemings in swart besit. Dit beteken omgeveer 70 persent van die weskus-kreefvissery deur swart persone beheer word.

In 2003 het die Departement nog 230 ton weskus-kreef aan 274 beperkte kommersiële regtehouers in die gebied oos van Kaap Hangklip toegeken. Uit die regte toegeken is meer as 90 persent aan swart persone toegeken.

In 1992 het 39 hoofsaaklik blanke regtehouers die weskus-kreef se TTV beheer. In teenstelling het die Departement teen die einde van 2003, 1 019 kommersiële regte toegeken, waarvan meer as 785 aan voormalige bestaansgrondslagvissers toegeken is. Om die groter aantal regtehouers te akkommodeer was die gemiddelde toekenning in 2002, 6.8 ton in vergelyking met ‘n gemiddelde toekenning van 56 ton in 1992. Die verskil tussen die grootste en die kleinste regtehouers het ook oor die afgelope 10 jaar aansienlik gekrimp. In 1992 was daar ‘n 200-voudige verskil tussen die hoogste (199 ton) en die laagste (een ton) toekennings; in 2002 was daar ‘n 66-voudige verskil mert die hoogste op 95.6 ton en die laagste op 1.5 ton.

5. Oorkoepelende sektorale doelwitte

Die doelwitte met die toekenning van langtermyn visvangregte in hierdie vissery is om:

- Die transformasieprofiel van die vissery te verhoog, veral ten opsigte van verteenwoordiging van swart persone op uitvoerende bestuursvlak;
- Belegging in vaartuie (om verouderde vaartuie te vervang); infrastruktuur en veiliger werksgeleenthede aan te moedig;

- Die ekonomiese lewensvatbaarheid van die vissery te steun; en
- Die omgewingsvolhoubaarheid van die vissery te verseker.

6. Tydsduur van regte

Met inagneming van –

- Die transformasieprofiel van die vissery;
- Die aantal voltydse werksgeleenthede verskaf (en om omskepping van tydelike na permanente werk verder aan te moedig);
- Die noodsaalikheid om die ekonomiese stabiliteit wat tans in die vissery bestaan te handhaaf; en
- Die feit dat die weskus-kreefhulpbron volgens betroubare en onlangse data goed bestuur word,

sal die Departement kommersiële regte vir 'n tydperk van 10 jaar toeken (1 Januarie 2006 tot en met 31 Desember 2015). Elke regtehouer sal egter gereeld teen voorafbepaalde prestasiekriteria getoets word (***sien paragraaf 13 hier onder)***

7. Nuwe inkomelinge

Hoewel die weskus-kreefvissery optimaal ontgin word en daar nie plek is vir bykomende deelnemers nie, sal nuwe aansoekers oorweeg word. Hulle kan moontlik verkies word bo bestaande regtehouers wat versuim het om te transformeer of wat versuim het om transformasieplanne in werking te stel, soos in hulle aansoeke om medium-termyn regte gestipuleer is. Verder sal daar nie weer regte toegeken word aan regtehouer wat nie hulle regte gebruik het nie of wat die regte nie doeltreffend gebruik het nie. Hulle kan deur nuwe inkomelinge vervang word.

8. Evaluasiekriteria

Aansoeke sal gesif word volgens ‘n stel “*uitsluitingskriteria*”. Aansoeke van nuwe deelnemers en bestaande regtehouers sal daarna afsonderlik oorweeg word in terme van ‘n stel gelaaide “*vergelykende balanseringskriteria* ”. ‘n Afsnypunt in terme van punte toekenning sal dan bepaal wie die suksesvolle aansoekers is. ‘n Deel van die TTP sal dan toegeken word aan elke suksesvolle aansoeker ooreenkomstig ‘n stel *“kwantumkriteria”.*

8.1 Uitsluitingskriteria

Behalwe die kriteria beskryf in die algemene beleid met betrekking tot die onbehoorlike indiening van die aansoeke en wesentlike tekortkominge, sal die Departement aansoekers uitsluit wat versuim om aan die volgende vereistes te voldoen

(a) **Vorm van die aansoeker**: Slegs aansoeke van entiteite geïnkorporeer ingevolge die Wet op Beslote Korporasies, Wet 69 van 1984 en die Maatskappyewet, Wet 61 van 1973 sal in aanmerking kom. Aansoeke van natuurlike persone (d w s individue of eenmansake) en trusts sal nie oorweeg word nie.

(b) **Wetsnakoming**: : Aansoekers sal nie kwalifiseer vir die toekenning van WWK (Diepwater) regte, insluitende direkteure of beherende aandeelhouers, wat skuldig bevind is aan ‘n oortreding in terme van die WLMH (en gevonnis tot tronkstraf sonder die opsie van ‘n boete). Aansoekers, insluitende die direkteure of beherende aandeelhouers, wie se visvangregte al gekanselleer of herroep was in terme van die WLMH, sal ook nie regte ontvang nie. Ander oortredings van die WLMH sal ‘n nadelige invloed hê op die oorweging van die aansoek, soos hieronder uiteengesit sal word.

(c) **Papier-kwota’s***:* Papier-kwota’s soos uiteengesit in die Algemene Beleid, sal uitgesluit word.

(d) **Toegang tot 'n geskikte vaartuig:** Aansoekers sal moet bewys dat hulle 'n reg tot toegang tot 'n geskikte vaartuig beding het of 'n geskikte vaartuig besit (sien paragraaf 9 hier onder).

(e) **Nie-gebruik:** Regtehouers wat versuim het om hulle medium-termyn kommersiële weskus-kreefregte tussen 2002 en 2004 te gebruik sal nie weer 'n kommersiële reg ontvang nie.

(f) **Aansoek om regte in die WKK (kuslyn):** Indien 'n lid van 'n aansoeker se uitvoerende bestuurspan of 'n beherende aandeelhouer(s) 'n aansoek om toekenning van WKK (kuslyn) indien, sal die aansoek om 'n diepwater kommersiële reg geweier word.

8.2 Balanseringskriteria

Hoewel die volgende kriteria oor die algemeen op regtehouer-aansoekers sowel as nuwe inkomelinge toegepas word, sal die gewig toeskryfbaar aan elke kategorie verskil:

(a) Transformasie

Tans is 66 persent van die regtehouers in die vissery in swart besit. Vier-en-dertig persent is onder swart bestuur. Hierdie regtehouers beheer saam 60 persent van die TTV. Verder maak klein- en medium-grootte ondernemings 90 persent van die regtehouers uit. Klein- en medium-grootte entiteite word beskou as onder andere daardie entiteite wie se jaarlikse omset nie R5 miljoen vir medium-grootte en R3 miljoen vir klein ondernemings oorskry nie.

Die Departement se doel met die toekenning van langtermyn regte in hierdie vissery is om die transformasievlakke te verbeter. Gevolglik sal aansoekers evalueer en punte kry vir-

- Die persentasie swart- en vroue-verteenwoordiging op die vlak van besit en uitvoerende bestuur;

- Of werknemers aandeelhouers in die aansoeker is en watter voordeel hulle daaruit kry;
- Regstellende aankope;
- Die aantal swart persone en vroue op die verskillende vlakke benede uitvoerende bestuur;
- Nakoming van die Wet op Diensbillikheid, 55 van 1998; en
- Korporatiewe sosiale belegging.

(b) Belegging in die vissery

Aansoekers sal evalueer word volgens hulle beleggings in die WKK (diepwater) vissery.

Betreffende regtehouer-aansoekers sal die Departement spesifiek die volgende oorweeg:

- Beleggings in geskikte vaartuie. In hierdie verband sal belegging in die vorm van aandeelhouding oorweeg word. Regtehouers sal nie beloon word vir koopkontrakte, huurkontrakte of vangste-ooreenkomste nie.
- Belegging in prosesserings- en bemarkinginfrastruktuur. In hierdie verband sal die Departement regtehouers wat in prosessering- en bemarkinginisiatiewe belê het, beloon.

Nuwe inkomelinge sal moet aantoon of hulle in 'n vaartuig belê het en in watter vorm. Hulle moet ook kan aantoon of hulle in enige bemarkingsinisiatiewe belê het of andersins toegang tot bemarkingsfasiliteite het.

(c) Vangsteprestasie

Regtehouers sal evalueer word deur hulle prestasie in die weskus-kreefvissery oor die medium-termyn tydperk in ag te neem.

Nuwe aansoekers sal evalueer word deur te kyk of hulle die vermoë, kennis en vaardigheid het om weskus-kreef te vang.

(d) Plaaslike ekonomiese ontwikkeling

Die Departement sal voorkeur gee aan daardie aansoekers, veral kleiner regtehouers, wat verkies om hulle vangste te land en te laat prosesseer in sentrums buite die groot metropolitaanse sentrums soos Kaapstad. Groter regtehouers wat in fasiliteite in Kaapstad belê het sal nie gepenaliseer word nie.

Die Departement sal positiewe punte gee aan regtehouer-aansoekers wat onderneem om te belê in en hulle vangste te land in kleiner vissershawens veral Port Nolloth, Hondeklipbaai en Paternoster.

(e) Werksgeleenthede

Die weskus-kreefvissery verskaf ongeveer 5 500 werksgeleenthede vir bemanning en land-gebasseerde werknemers. Die seisoenale aard van die vissery beteken dat daar 'n beperkte aantal voltydse werksgeleenthede is. Gevolglik het werknemers min werksekuriteit. Die WKK (diepwater) is 'n waardevolle vissery en die TTV is geleidelik verhoog sedert 1997.

Die Departement sal voorkeur gee aan aansoekers wat hulle werknemers van die volgende voorsien -

- Voltydse werk;
- Mediese- en pensioenvoordele;
- Enige ander diensvoordele; en
- Veilige werksomstandighede.

Die Departement sal ook na die loonverskille tussen die hoogste en laagste besoldigde werknemers kyk.

(f) Afhanklikheid van weskus-kreef

Die Departement sal aansoekers verkies wat op weskus-kreefvangste (insluitende prosessering en bemarking) vir minstens 50 persent van hulle jaarlikse bruto-inkomste afhanklik is. Aansoekers of hulle beherende aandeelhouers wat inkomste uit bronne buite die visindustrie verdien, sal gepenaliseer word.

(g) Nie-betaling van heffings

Die Departement verwag van elke regtehouer om heffings op geteikende vis wat geland word, te betaal. 'n Aantal regtehouers het òf nie hulle heffings betaal nie, of vangste onderrapporteer om sodoende betaling van heffings vry te spring.

Laasgenoemde aansoekers sal uitgesluit word. Eersgenoemdes sal gepenaliseer word. Indien sodanige regtehouer egter wel vir 'n reg kwalifiseer sal 'n visvangpermit nie uitgereik word nie alvorens die totale bedrag betaalbaar (plus rente) betaal is nie.

(h) Wetsnakoming

Regtehouers, insluitende hulle direkteure of beherende aandeelhouers wat tans ondersoek word vir oortredings (krimineel of administratief) van die WLMH, sal nie kwalifiseer vir 'n weskus-kreefvangreg voordat die ondersoek nie afgehandel is nie.

Geringe oortredings van die WLMH, insluitende die regulasies, deur die aansoeker, die direkteure of beherende aandeelhouers, sal veroorsaak dat die aansoeker negatief evalueer word.

8.3 Kwantumkriteria

Die Departement sal in die geval van bestaande regtehouers, die kwantum aan regtehouers gedurende die 2005-seisoen as basis gebruik, die TTV van bestaande regtehouers wat nie aansoek gedoen het of onsuksesvol was, proporsioneel byvoeg en dan die TTV volgens die volgende meganismes verdeel:

- **Swart bestuur:** 15 persent van die weskus-kreef TTV sal herversprei word op grond van punte vir swart bestuur behaal; en
- 35 persent van die TTV sal herversprei word op grond van punte in die balanseringskriteria behaal, insluitende die punte vir **transformasie**.

Suksesvolle nuwe aansoekers sal 'n kwantum toegeken word gelyk staan aan dit wat aan nuwe aansoekers in die medium-termyn regtetoekenningsproses gegee is.

9. Geskikte vaartuie

'n Geskikte vaartuig in die weskus-kreefvissery is 'n vaartuig wat:

- 'n SAMVV-gesertifiseerde lengte van 'n maksimum van 30 meter en 'n minimum van agt meter het;
- 'n funksionerende vaartuigmoniteringstelsel het;
- toegerus vir òf fuike of vanghokke; en
- nie in ander visserye bedrywig is nie.

10. Multi-sektorale betrokkenheid

Regtehouers in die WKK (diepsee) vissery word nie verhinder om regte in enige vissery in die Groepe A en B visserye te hou nie. Regtehouers in die WKK (diepsee) vissery, insluitende hulle beherende aandeelhouers en lede van hulle uitvoerende bestuurspan, sal nie toegelaat word om kommersiële regte in die Groep C, insluitende WKK (kuslyn) en Groep D visserye te hou nie.

11. Aansoekgelde en heffings

Die aansoekgeld vir WKK (diepsee) word vasgestel met die oog op:

- die koste van die hele regtetoekenningsproses, insluitende konsultasie, ontvangs, evaluering van aansoeke, verifikasie, appèlle en hersiening. In heirdie verband word die koste aangegaan gedurende die medium-termyn proses as riglyn gebruik; en
- die waarde van die vis wat oor die tydsduur van die reg toegeken is.

Die jaarlikse heffings betaalbaar vanaf 1 Januarie 2006 sal na oorlegpleging met belanghebbende en geaffekteerde partye hersien word.

12. Bestuursmaatreëls

Die bestuursmaatreëls wat hier onder bespreek is 'n paar van die Departement se hoofvoornemens vir bestuur van die vissery na regtetoekenning.

12.1 Ekosisteembenadering tot bestuur van die vissery

Hierdie vissery sal bestuur word ooreenkomstig die ekosisteem benadering tot visvangbedrywe (EBV). 'n Ekosisteembenadering tot visserybestuur is 'n holistiese en geïntegreerde beleid wat erkenning verleen aan die feit dat visvang- en verwante land-gebaseerde bedrywighede 'n invloed het oor die breër mariene omgewing. Hierdie deel van die beleid aangaande WKK (diepsee) probeer nie 'n beleidsverklaring oor EBV uitreik nie. Die EBV in die WKK-vissery word in die Bestuurshandboek vir WKK (diepsee) uiteengesit. Suid-Afrika bly verbind tot 'n teikendatum van 2010 vir die inwerkingstelling van 'n EBV in die kommersiële visserye, inlsuitend die WKK (diepsee) bedryf.

12.2 Konsolidasie van deelnemers

Na afloop van die toekenning van 10-jaar kommersiële regte in hierdie vissery sal die Departement konsolidasie van die aantal aktiewe regtehouers fasiliteer. Regtehouers mag verkies om hulle onderskeie sakebedrywigheede te konsolideer:

- Waar regtehouers dieselfde aandeelhouers, kantore of bestuurspan het; of

- Waar kleiner regtehouers verkies om hulle sakebedrywighede te konsolideer om die transformasieprofiel van die vissery verder te fasiliteer.

Konsolidasie van regtehouers is egter onderhewig aan die Departement se benadering tot monopolië (***sien paragraaf 12.4 hier onder***).

12.3 Vaartuie en visvangpoging

Aangesien heelwat regtehouers nie eienaars is van die vaartuie wat hulle gebruik nie, verwag die Departement dat baie regtehouers verdere vaartuie sal wil inbring na die langtermyn regtetoekenningsproses. Huidige pogingsvlakke is optimaal en dus sal die Departement die stapeleffek van meer en nuwe vaartuie in die vloot versigtig evalueer. Regtehouers sal nie toegelaat word om vaartuie in te bring wat 'n poging kan verrig ver bo hulle toekenning nie.

12.4 Monopolieë

Hoewel die Departement konsolidasie van regtehouers in hierdie vissery sal voorstaan, is die Departement gekant teen monopolieë, wat tot nadeel van die kleiner regtehouers kan strek. Op hierdie stadium sal die Departement nie 'n maksimum drempel van die TTV wat enige regtehouer mag hou of beheer bepaal nie, maar sal monitor of groter regtehouers op 'n manier optree wat in stryd is met billike wedyweringspraktyke,

13. Meet van prestasie

Die Departement sal 'n aantal formele ondersoeke instel om prestasie van regtehouers te meet. Daar word beoog om die prestasiebepalings na twee jaar uit te voer en dan elke drie jaar daarna.

Hoewel die Departement die presiese kriteria waarteen regtehouers gemeet sal word na oorleg met regtehouers sal finaliseer kan die volgende prestasie-verwante kriteria gebruik word:

- transformasie;
- belegging in vaartuie en toerusting;
- vangsteprestasie;

- nakoming van toepaslike wette en regulasies.

14. Waarnemerprogram

Die Departement se huidige waarnemersprogram sal uitgebrei word om ook wetsnakoming in te sluit. Verder sal die Departement ook die waarnemersdekking in hierdie bedryf toenemend vermeerder. Daar sal van regtehouers verwag word om die koste van die waarnemersprogram te dek.

15. Permitvoorwaardes

Permitvoorwaardes vir hierdie bedryf sal jaarliks uitgereik word. Die permit voorwaardes wat van toepassing is op die bedryf vir die 2005 seisoen word aangeheg as **Bylae A**. Belanghebbendes en geaffekteerde partye word genooi om kommentaar te lewer op hierdie permitvoorwaardes.